SONDAG 22 MAART 2020 [EREDIENS IN PDF FORMAAT]

VOTUM: [KLAAGLIEDERE 3:21-26]

Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie, daar is geen einde aan Sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot. Ek sê vir myself, die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. Dit is goed om geduldig op die hulp van die Here te wag.

SEËN: [Kolossense 1:12]

Mag daar vir jóú genade en vrede in oorvloed wees van God Drie-enig; Vader, Seun en Heilige Gees.

LIED: Liedboek 280 [Here, Redder, groot en magtig]

U, my Redder, groot en magtig
U het my ook raakgesien.
Ek is feilbaar, swak, onseker,
tog wil ek U dankbaar dien.
God , my Here - U is Here!
Vas kan ek op U vertrou,
vas kan ek op U vertrou.

GEBED

Here, vandag bely ek my liefde vir U en stel ek my hart, my gees, my siel en my liggaam oop aan U. Lei my Here na U wil deur U Gees en gee my die krag om U wil te doen. Here soms raak ek só gou moeg. Vul my met U volheid dat ek U skaamteloos sal blý dien. Want om U te dien is geen straf nie, net vreugde. Amen.

SKRIFLESING:

- **MATTEUS 8:1-17**
- **TEMA: GOD EN SIEKTE**

BOODSKAP

[Inleiding]

Op Woensdag 11 Maart 2020, het die Wêreld Gesondheid Organisasie die Corona virus tot ’n internasionale pandemie verklaar. Dit het gevolg kort nadat die 100ste land hierdeur getref is. Skaars 24uur later het nog 40 lande op die lys van besmette lande verskyn. Skielik raak COVID-19 ons álmal. Dis iets wat ons nie kan wegwens nie. Ons moet ook nie dink dis sommer net iets wat ander mense en ander lande oorkom nie. Dit is ook óns probleem, of ons daarvan hou of nie. En ons almal word geraak.

Reaksies op sosiale media oor die **COVID-19** is uiteenlopend. Veral vanuit ’n geloofsperspektief. Enige liggaamlike siekte of kwaal het dikwels die vermoë om jou te stroop van al jou sekerhede. Dit voel of jy jou greep op die lewe verloor het. As ’n siekte oor ons pad kom, worstel ons gewoonlik ook met die moeilike vrae oor genesing. Ons hoor soveel keer van mense wat gesond word, wonderwerke wat gebeur, mense wat weer kan aangaan met hulle lewens na hulle by die dood omgedraai het…maar ons hoor ook van mense wat jare lank sit met ’n siekte en net nie gesond word nie. Ons hoor ook van mense wat skielik sterf aan ’n siekte. Hulle bid net so hard vir ’n wonderwerk, maar dis asof hulle net in doodloopstrate vasloop.

Hoe werk dit?

In ons gemeente is daar natuurlik soveel verhale van mense wat op ’n merkwaardige wyse God se genesing fisies beleef het. Mense wat gediagnoseer was met kanker, en op ’n mediese onverklaarbare wyse gesond geword het. Maar terselfdetyd is daar mense wat net só siek is, en nie gesond word nie. Én ons wonder...

Genesing is seker een van die moeilikste tema’s om oor te praat. Almal van ons het ons eie prentjie en opinie oor genesing en hoe dit verstaan moet word. As ons swaar kry, dan probeer ons soms om verbande te trek tussen dit wat met ons gebeur het en moontlike redes daarvoor. Ons probeer dit self uitklaar en verstaan. En in hierdie poging, kry ons soms sulke ‘goedkoop’ antwoorde soos dat jou geloof nie sterk genoeg is nie óf dat jou geloof te klein is óf dat daar ’n sekere sonde is wat jy nie aan die lig wil bring nie. [*Kyk bietjie op sosiale media na die redes wat sommige gelowiges gee vir COVID-19*].

Die realiteit is dat dit menslik gesproke ónmoontlik is om antwoorde te gee oor hoekom sekere mense siek word en ánder nie, en hoekom sekere mense gesond

word en ánder nie. Dit is een van die dinge wat bó ons begrip en verstand is. Maar ons kan wel uit ons Matteus teks leer dat wanneer dit kom by genesing, hou genesing veel méér in as net die liggaamlike. In die hele Nuwe Testament, is genesing hierdie omvattende saak. *Die fokus is nooit nie net op die herstel van die liggaam nie*.

[Raamwerk van Matteus 8:1-7]

Matteus 8 begin met die woorde 'Jesus het afgekom van die berg af, en 'n groot skare het Hom gevolg". Wanneer ons kyk na die groter 'prentjie' van Matteus, dan sien ons dat die genesingsverhale in Matteus 8 net na die bergrede [Matt 5-7] gebeur. Matteus plaas Jesus se prediking eerste, en Sy dade tweedens. Waar Jesus se prediking Sy gesag geopenbaar het, word Sy gesag deur die genesings waarvan ons nounet gelees het, verder beklemtoon. Jesus se genesings is eintlik preke in dade. En in die hele Matteus Evangelie staan hierdie genesingsverhale nooit 'los' van Jesus se radikale bediening nie.

- Die genesingsverhale vorm altyd ook deel van Jesus se gróter boodskap dat die Koninkryk van God aangebreek het en hoe hierdie Koninkryk van God lyk.

As ons kyk na hoe 'siekte' in Matteus verstaan is, dan sien ons dat 'siekte' het altyd in verband gestaan met onreinheid. Heeltemal ánders as hoe ons vandag 'siekte' verstaan. Onreinheid het beteken dat niemand mag aan jou geraak het nie, en jyself mag aan niks gevat het. 'n Persoon wat siek was, het altyd een of ander vorm sosiale en godsdienstige isolasie ervaar het. Met ander woorde, 'n siek persoon kon nie in die tempel ingaan of enige samekoms van die gelowiges bywoon nie. 'n Siek persoon het gewoonlik ook buite die gemeenskap se grense geleef. Terselfdetyd is siekes in meeste van die gevalle ook verwerp deur hulle familie. *Al hierdie dinge sê vir ons dat siekes het dikwels die ergste vorm van verwerping ervaar en dat hulle in desperate oomblikke geleef het*.

In teks van vanoggend, het ons gelees van 3 genesingsverhale wat al drie liggaamlike genesings beskryf. Elkeen van hierdie genesingsverhale het 'n unieke boodskap wat hulle wil vertel, maar saam gee hierdie drie verhale vir ons 4 eienskappe wat ons kan help om genesing beter te verstaan:

1. RANDFIGURE

Wanneer ons kyk na Matteus 8:1-17 dan sien ons dat Jesus die mense genees wat as die uitgeworpenes en randfigure in die samelewing gereken is. En in al drie die genesingsverhale gaan genesing eerstens om aan hierdie mense hul **menswaardigheid** terug te gee.

- In **Matteus 8:1-4** is die eerste persoon ’n **melaatste**.

Melaatsheid was in Jesus se tyd seker een van die mees gevreesde siektes, omdat dit ’n ongeneeslike agressiewe veltoestand was. Baie van die mense het ’n melaatse beskryf as “the living dead.” Volgens Levitikus 14:45-46 moes ’n melaatse elke keer as iemand naby kom, uitgeroep het ‘onrein, onrein’. In die OT is daar net twee verhale van melaatsheid (Numeri 12 & 2 Konings 5:1-14). In die OT as iemand melaatsheid kon genees, dan was dit ’n teken dat dit ’n profeet is. Maar in albei hierdie Ou Testamentiese gevalle mag die profeet nie aan die melaatse raak nie. Nou kom Jesus in hierdie verhaal en Hy raak aan die melaatse - wat eintlik ’n groot ‘sosiale taboe’ was, want Jesus sou Homself daardeur onrein maak.

- In **Matteus 8:5-13** vind ons ’n **Romeinse offisier**, ’n **heiden**.

En die Romeinse offisier kom met die versoek dat Jesus sy slaaf moet genees. Slawe in Jesus se tyd was mense wat die minste regte in die samelewing gehad het. Hulle was altyd beskou as die eienaar se besitting.

- Die derde persoon wat Jesus genees is volgens **Matteus 8:13-15** ’n **vrou**.

’n Vrou het self min waarde en regte in die samelewing gehad en sy was altyd ’n ‘tweedeklasburger’.

As ons vir ’n oomblik net fokus op die drie persone wat Jesus genees het, dan sien ons al klaar dat genesing het veel méér ingehou as net die liggaamlike herstel - dit het ook die gemeenskap herstel. Genesing het sosiaal beteken dat gebroke verhoudings tussen die siekes en families herstel is. Maar genesing het egter ook beteken dat die verhouding tussen God en die sieke herstel is. Al drie hierdie persone het weer die reg gehad om in die **gemeenskap** te bly, om terug te gaan na die **tempel** en om al die **aanbiddingsgeleethede** by te woon.

In die bergrede [Matt 5-7] het Jesus God se hart uitgebeeld as ten diepste ’n Vaderhart. Met die genesingsverhale wys Jesus eerstens vir die skares wat Hom

volg dat God met hierdie Vaderhart al die ‘vergete’, ‘verwerpte’ en ‘gebroke’ mense raak sien. Jesus wys vir hierdie mense dat God tot by húlle kom. God het onder andere deur hierdie genesings van Jesus in mense se lewens teenwoordig geword. God het teenwoordig geword in die melaatse, slaaf, vrou en al die sosiale uitgeworpenes. En met hierdie genesingsverhale wys Jesus ook dat die verlossing wat Hy gee, nie net beperk is tot die Jode nie. God se Koninkryk is oop vir álmal - selfs vir diegene wat sosiaal verwerp was.

- As ons net kyk na hierdie drie mense, dan kan jy weet, soos wat jy daar sit, sien God jóú raak. Maar die Here sien nie net vir jóú raak nie, Hy sien ook jóú vrees, pyn, ongemak en swaarkry raak. En die COVID-19 pandemie? Ek dink hierdie prent aan die linkerkant sê alles. Al wat ons hoef te weet, is dat God hier is, al weet ons nie presies hoe nie. Die Here se hande is rondom óns gevou, óns land en die wêreld. Ons kan in afhanklikheid vashou aan God se woorde dat Sy genade genoeg is, elke dag. Die Heer se krag kom juis tot volle werking wanneer ons magteloos, swak en hulpeloos is.

- Siektes, kieme en virusse mag dalk nie nou weggaan nie, maar ons kan elkeen nou geestelik gesond wees in ons verhouding met God. Die Here ontmoet jou waar jý is, roep jou by die naam en aanvaar jou net soos jý is. Om liggaamlik gesond te wees is tydelik, maar jou verhouding met God, het ewigheidswaarde. Met **COVID-19** hoef ons nie paniekbevange te raak nie. Ons moet goeie voorsorgmaatreëls in plek hê. Maar die Here kom gee vir ons ’n innerlike rustigheid en kalmte van gees met die wete dat Hy nogsteeds elke oomblik in beheer is. Alles wat met ons gebeur is vir God belangrik. Ons weet ook ons behoort elkeen aan die Here. In voorspoed en in teenspoed is die Almagtige by ons. Niks kan ons van Sy liefde skei nie.

- Ons kan nou in ons verhoudings met ons geliefdes genesing ervaar deur hulle liefde en aanvaarding teenoor ons. Ons kan genesing vind in die mense om

ons se ondersteuning, bystand en bemoediging. **COVID-19** roep ons opnuut tot naasteliefde, Jesus se soort. Ons kan lewensmiddele met mekaar deel en help om medegelowiges te versorg. Dit is nie nou die tyd dat elkeen vir hom- of haarself leef nie, veral nie as ons in die Here glo nie. COVID-19 bied vir ons die geleentheid om vir mekaar te bid, te dien en om onsself te ontferm oor minderbevoorregtes, eensames en vergetenes. Nóú is die tyd wat ons opnuut daar moet wees vir mekaar en op só ’n manier die hoop van ons Verlosser by ander uitbring.

2. WIE JESUS IS

In Matteus 8:1-17 is die fokus van al drie die genesingverhale altyd op Jesus en nie soseer op die siekte of die liggamlike herstel nie. Jesus genees die siekes om daardeur te wys wie Hý is. Al die genesingsverhale in die evangelie bevestig eintlik deurlopend die persoon en boodskap van Jesus, dat Hy inderdaad die beloofte Messias is.

- Ek dink dit is belangrik om te onthou dat Jesus se genesings of wonderwerke was nie die doel opsigself nie. Nêrens bied Jesus Hom aan as ’n wonderwerker, towenaar of ’n spesialis uit die hemel wat alle mediese probleme op versoek uitsorteer nie. Jesus word ook nie uitgebeeld as Iemand wat almal se krissise soos mis voor die son laat verdwyn nie. Net ’n bietjie verder aan, in Matteus 12, sien ons hoe Jesus Homself juis verset teen diegene wat genesings en wonderwerke op aanvraag wil sien.

3. GELOOF EN GENESING

In Matteus 8:1-17 is daar géén een-tot-een verhouding tussen geloof en genesing nie. Nie in Matteus of feitlik in enige van die ander Evangelies is onmiddelike gesondheid altyd die gevolg van iemand wie se geloof sterk is nie. Wanneer ons net kyk na Petrus se skoonma [Matt 8:14-15] wat genees is, dan sien ons dat Jesus haar genees het sonder sy Hom gevra het of met ’n versoek na Hom toe gekom het. In al drie die genesingsverhale sien ons ook dat Jesus op verskillende maniere genees.

Genesing was nie die doel van geloof nie. Máár geloof was eerder die doel van die genesing. *Met al hierdie genesings wou Jesus die skare wat Hom gevolg het tot*

geloof in Hom bring. Nie in een van die genesingsverhale was geloof bepalend vir genesing nie. Met ander woorde, geloof was nie ’n voorwaarde vir genesing nie.

Geloof is nie bedoel om ’n ontsnappingsroete vir ons siekte en pyn en lyding te wees nie. Wanneer ons gekonfronteer word met siekte, is die enigste opsie wat mens eintlik oor het, geloof. ’n Geloof wat mens help om verby die sigbare dinge te laat kyk en ’n geloof wat nie vaskyk teen hoe dit nou is nie. ’n Geloof wat weet dat al hierdie dinge wat ons nou beangs en siek maak, nie die finale sê oor ons het nie.

4. JESUS SE LYDING = JÓÚ LYDING

Die genesingsverhale was nie die belangrikste dade wat Jesus as die Messia gedoen het nie. In [Matteus 8:17] maak Matteus die gevolgtrekking dat Jesus het al ons lyding op Hom geneem en al ons siektes het Hy gedra.

Hiermee sê Matteus dat Jesus was lief genoeg vir hierdie mense [én ons] om verder as hulle versoek vir liggaamlike genesing te gaan, tot bý die kruis. By die kruis, het Jesus nie net vir ons sonde gesterf nie. Jesus het ook vir elke vorm van lyding gesterf. Jesus het gesterf vir ons kanker, depressie en já ook COVID-19, sodat dit géén houvas op ons het nie. Al takel dit nou ons fisiese liggaam af, het ons die vooruitsig dat daar vir ons oorwinning en ’n nuwe toekoms voorlê. God skep altyd nuut en bloot vanuit Sy liefde gee Hy altyd nuwe moontlikhede van lewe, maar op Sy manier.

’n Seisoen van siekte, isolasie, swaarkry is min genoeg in vergelyking met die oorwinnig en heerlikheid wat voorlê. Jesus se opstanding en oorwinning oor die dood het veroorsaak dat siekte, pyn en lyding net tydelik is. Die opstanding gee vir ons die belofte en sekerheid dat daar ’n ewigheid voorlê sonder pyn en lyding. Jesus gaan ons elkeen uiteindelik genees al is dit nie nou in hierdie tydelike lewe nie.

Matteus wil ook vir ons sê dat elke kruis, elke stukkie lyding, pyn en seerkry het ’n ‘opstandingsmoment’. Daar is nooit net ‘n kruis of net ‘n opstanding nie. Die kruis en die opstanding staan nie los van mekaar nie. Dit loop altyd hand aan hand. En so is elkeen van ons se lewe. Ons het ’n kruis, maar daar sal altyd weer nuwe moontlikhede van lewe wees. Nêrens het God ooit belowe dat Hy in hierdie lewe al ons siektes gaan genees nie. Ons vind ook nêrens die belofte dat ons geen

uitdagings, swaarkry en lyding op aarde gaan ervaar nie. Jesus se lyding en kruisiging verwyder nie dit van ons lewens nie. Daar word eintlik ’n fyn lyn getrek tussen die lyding en swaarkry wat gelowiges moet deurmaak en die lyding wat Jesus moet deur maak. Maar by die kruisiging kom staan God kniediep in ons swaar en lyding. *Jesus se kruis is God se lyding dwarsdeurs jou lyding*.

Dis merkwaardig om te lees, ná Jesus se opstanding, dra Hy steeds die wonde van Sy kruisiging. Hy verskyn aan die dissipels met Sy deurboorde hande en voete [Matteus 28:1-10]. Jesus dra eintlik nogsteeds die wonde van ons lyding saam met Hom. En met Sy wonde is Hy een in ons lyding. Hierdie merke aan Sy liggaam is ’n ewige herinnering aan al ons lyding hier op aarde. Én Jesus dra hierdie merke saam met Hom sodat Hy kan aanhou om al ons behoeftes hier op aarde te verstaan.

[SAMEVATTING]

COVID-19, ons siektes en lyding gaan nie ongemerk verby God nie. Waneer ons bid vir genesing, en dit blyk dat ons nie gou gesond gaan word nie, moenie die maklike antwoorde glo dat jou geloof is net nie sterk genoeg nie. As jy tekste lees soos Matteus 8:1-17 onthou dat genesing altyd meer inhou as net die liggaamlike herstel. En soos wat jy hier sit, kan jy nogsteeds ’n vorm van genesing ervaar, al is dit net in jou verhouding met God en of met die mense om jou. Laat God toe om die betekenis te gee aan jou lewe, ook in die COVID-19 tyd. Al wat die Here van jou vra, is dat wanneer jy siekte en lyding beleef, al verstaan jy nie hoekom nie, nogtans sal kies om Hom te vertrou. Die grootste toets vir ons geloof is nie hoe hard ons die Here prys in ons gelukkige tye nie, maar hoe diep ons Hom vertrou in die moeilike tye en in die tye wat ons nie verstaan nie.

GEBED

SEËN: [2 KORINTIËRS 11:9]

My genade is vir jou genoeg.
My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.
Die krag van Christus sal in hierdie week jou beskutting wees. Amen.